## 18 Oktober 2 Timoteus 3:10-17 (3:16)

### *Christus is genoeg!*

Die Bybel stel dwalinge reg. Satan het een groot begeerte en dit is om die versoeningswerk van Jesus Christus aan die kruis minder te maak, afbreuk daaraan te doen. Want aan die kruis het Jesus die finale oorwinning oor Satan behaal. Satan kan dit nie aanvaar nie. Daarom sal Satan enigiets doen om dit, die versoeningsoffer van Jesus, minder te maak. Hy doen dit deur ons te verlei agter growwe sondes aan. En as hy dit nie regkry nie, dan kom hy na ons toe met 'n kerk - 'n kerk wat soos enige ander kerk lyk - daar word ook gebid en gesing, gepreek, gelees en meegeleef maar met een groot verskil: die versoeningsboodskap van Jesus Christus se sterwe leef nie in daardie kerk nie.

So het Satan al dikwels in die geskiedenis van die kerk gemaak: Vroeg in die bestaan van die kerk het Satan gekom met Christus plus iets meer: die besnydenis. Dis wat dwaling doen: dit neem 'n Bybelse waarheid, maar verdraai dit net so 'n bietjie en – die hart van Christenskap is uitgehaal en ons is op 'n dwaalweg. En dis wat telkens weer gebeur het in die geskiedenis van die kerk.

Hoe lyk dit vandag by ons? Is ons so vol van die een groot Bybelse waarheid: Net Christus alleen! dat ons sal agterkom as iets insluip wat wil wegneem van sy enigste soenoffer?

Satan sal enigiets gebruik: Christus plus 'n sekere manier van Nagmaal gebruik. Of Christus plus my kerklike bydrae. Of Christus plus my kerkgang. Of Christus plus my toewyding. As ek nie voldoen aan 'n sekere vlak of styl van toewyding nie, kan ek nie gered word nie.

Is Christus alleen vir jou werklik genoeg?

Sing: Psalm 84:3, 6 Ds. H.J. Vermeulen (Bloempark)